Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Moses

## Eksodus 2

Ek was 'n slaaf en 'n prins. 'n Moordenaar en 'n vlugteling. 'n Skoonseun van 'n skaapboer, ver weg van my mense, op soek na myself.

Ek was kaalvoet by 'n braambos, woordloos oor my roeping, bang maar tog vreesloos voor 'n koning.

'n Profeet en 'n leier vir mense op weg. Ek was die spreekbuis van God gewees, en 'n navigator deur die wildernis.

Ek het gesien hoe God 'n magtige ryk soos Egipte op sy knieë bring. Ek het gesien hoe God 'n volk deur 'n see laat trek.. sonder om nat te word!

Bid saam as gesin.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het.

Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.

Ek het God se gebooie aan mense gebring, en ek het gesien hoe mense God verwerp.

Tog het ek ook lank God se getrouheid in my lewe beleef.

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

## Moses

Wie het baba Moses in die Nyl gevind en geëis?

Moses het iets gedoen wat Farao so kwaad gemaak het dat hy Moses probeer doodmaak het! Wat het Moses gedoen?

Wat was die naam van Moses eerste seun?

Op watter berg het Moses die brandende bos aangetref, waar die Here met hom gepraat het?

Waarom het God Moses na Egipte toe terug gestuur?

Kan jy die 10 plae opnoem?

Wat het die Here vir hulle in die woestyn voorsien om te eet?

Waarom het die Here Moses verhinder om die Beloofde Land binne te gaan?